

Home-School Partnerships
Supporting informal learning at home in the early years

# Onderwyserfasiliteerdersvraelys

**Naam:** ________________________________________

***Ná die toets: Voltooi asseblief hierdie vraelys ná opleiding. Merk in die toepaslike kolom en skryf dan die rede vir elke antwoord neer.***

| | **Stem saam** | **Stem nie saam nie** | **Verduidelik jou antwoord** |
|---|---|---|---|
| 1. Geletterdheidsontwikkeling begin in Graad 1. | | | |
| 2. Kinders is geneig om vrymoediger te probeer praat as volwassenes aandagtig luister en reageer op dít wat hulle sê. | | | |
| 3. As die moedertaal tuis gebruik word, gee dit kinders ’n goeie grondslag vir die aanleer van bykomende tale. | | | |
| 4. Kinders moet aangemoedig word om slegs die skooltaal tuis te praat. | | | |
| 5. Deur oor gedagtes, gevoelens of gebeure te praat, bou ons die soort taal wat vir skoolleer belangrik is. | | | |
| 6. Fantasiespel/voorgeespel help kinders om ingewikkelder en meer abstrakte taal te ontwikkel. | | | |
| 7. Kinders moet aangemoedig word om vrae op ŉ ontspanne manier te vra en te beantwoord. | | | |
| 8. Liedjies, ritme en rympies is pret, maar nie baie belangrik vir die aanleer van taal en geletterdheid nie. | | | |
| 9. Kinders moenie toegelaat word om vrae te vra of hulle idees te deel terwyl ’n volwassene ’n storie voorlees nie. | | | |
| 10. Voorlees aan kinders help hulle om goeie lesers te word. | | | |



Home-School Partnerships
Supporting informal learning at home in the early years

# Onderwyserfasiliteerdersvraelys

| | **Stem saam** | **Stem nie saam nie** | **Verduidelik jou antwoord** |
|---|---|---|---|
| 11. Jong kinders moet aangemoedig word om te 'lees' (kamma-lees) voor hulle begin skoolgaan. | | | |
| 12. Speletjies wat letters en klanke insluit, help kinders om goeie lesers en skrywers te word. | | | |
| 13. Om kinders te help om drukwerk om hulle (binne en buite) raak te sien, is 'n belangrike deel van die proses om te leer lees en skryf. | | | |
| 14. Kinders met gehoorprobleme het dikwels ook leesprobleme. | | | |
| 15. Vryehand-teken is tydmors en behoort nie tuis of in die klas gedoen te word nie. | | | |
| 16. Jong kinders moet aangemoedig word om te 'skryf' (kamma-skryf) voor hulle begin skoolgaan. | | | |
| 17. Ouers behoort nie by hulle kinders se geletterdheidsontwikkeling betrokke te raak nie aangesien hulle nie opgeleide onderwysers is nie. | | | |
| 18. Selfs al sukkel ouers om te lees en te skryf, kan hulle steeds hulle kinders in die vroeë leerproses ondersteun. | | | |
| 19. Deur saam met hulle kinders te speel, help ouers hulle kinders om te dink en te leer. | | | |
| 20. Kinders leer makliker en met meer sukses in 'n liefdevolle en veilige omgewing. | | | |

***Baie dankie dat jy hierdie vraelys ingevul het.***